Citrus Growers' Association
OF SOUTHERN AFRICA
Grower levies working for you!

# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (25/13)

*Justin Chadwick (21 Junie 2013)*

***GESEGDE VAN DIE WEEK** "It's extremely difficult to convince someone to understand something if his salary depends on his not understanding it" Dr Upton Sinclair*


## SITRUSBEMARKINGSFORUM (CMF)

Beide die Variëteitsfokusgroepe en die "Fresh Produce Exporters Forum" het besluit dat dit nie nodig is om 'n CMF in Junie te hou nie. Dit beteken dat die volgende CMF in Oktober gehou gaan word.

## CITRUS BLACK SPOT (CBS) – VERBINTENIS TOT NAKOMING

Die vierde CBS Bulletin is hierdie week uitgestuur – handel oor inspeksies. Inspeksies word in boorde, in die pakhuise en by die hawens waar vrugte gelaai word asook by hawens van binnekoms gedoen. Dit word in die Bulletin genoem dat 182 (0.78%) van die 23 062 boorde wat vir die EU geregistreer is, reeds weens CBS verwyder is, terwyl 13 (0.8%) van die 1 602 produksie-eenhede wat vir die EU geregistreer is, van die lys verwyder is. **Tot op datum is daar nog geen amptelike kennisgewing van besendings van Suid-Afrika wat vir CBS in die EU onderskep is nie.**

## OOSTERSE




*Source : ITC Comtrade based on multiple country imports statistics*

## MARKTE

Onlangse syfers wat deur SHAFFE versprei is, wys die belangrikheid van die Oosterse markte met volgehoue groei in invoere sedert 2006. Invoere het vanaf omtrent 2.5 miljoen ton in 2006 tot 5 miljoen in 2012 gegroei – 'n 37.5% groei oor 7 jare. As daar individueel na lande se prestasie gekyk word lyk dit asof invoere na Japan, Singapoer, Taiwan en Maleisië konstant gebly het, terwyl groei goed in China, Hong Kong, Indië, Indonesië, Korea en Thailand was.

## HAWE - REGULEERDER

Transnet Nasionale Hawe Owerheid (TNPA) het 'n paar redelik betekenisvolle voorstelle aan sy prys-strategie na 2014/15 gedoen. Onlangs het die Hawe-reguleerder vir kommentaar oor hierdie nuwe strategie gevra. Dit is interessant om daarop te let dat slegs 27 terugvoerings ontvang is – een van hierdie is deur Mitchell Brooke van CGA voorberei en ingedien. Mitchell het 'n uitstekende dokument saamgestel en versoek dat kennis van alle faktore geneem moet word wanneer die prys-strategie bepaal word. Volg dié skakel om die dokument te lees http://www.portsregulator.org/economic/tariffs/2013-14-comments

## SPAANSE POMELO'S

'n Onlangse verslag van Spanje; "*The grapefruit season which just ended this year, has left a positive balance, with a return of prices and market stability. Spain produces around 50.000 tonnes. Still waiting to close export data, the director of the Lemon and Grapefruit Interprofessional Association (Ailimpo), Jose Antonio Garcia, considered "positive" the balance of the campaign, which ended about two weeks earlier than usual and where the average price at source stood at around 0,20 euro per kilo, 10% more than in recent years.*"

## GEPAK EN VERSKEEP

| To Week 25 Million 15 Kg Cartons | Packed | Packed | Packed | Shipped | Shipped | Original Estimate | Latest Prediction | Final Packed |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **SOURCE: PPECB** | **2011** | **2012** | **2013** | **2012** | **2013** | **2013** | **2013** | **2012** |
| Grapefruit | 10.8 m | 9.5 m | 12.9 m | 8.6 m | 9.8 m | 15 m | 15.9 m | 13 m |
| Soft Citrus | 4.9 m | 4.9 m | 4.8 m | 4.4 m | 4.3 m | 8.2 m | 8.2 m | 7.6 m |
| Lemons | 5.2 m | 4.8 m | 6.3 m | 4.4 m | 5.6 m | 11.1 m | 10.3 m | 10.5 m |
| Navels | 10.9 m | 11.7 m | 10.4 m | 8 m | 6.2 m | 24.9 m | 23.9 m | 24.6 m |
| Valencia | 1.8m | 2.2 m | 1.6 m | 0.8 m | 0.5 m | 47.7 m | 47.7 m | 47.2 m |
| Total | 33.6 m | 33.1 m | 36 m | 26.2 m | 26.4 m | 106.8 m | 106 m | 103 m |

**SUIDER-AFRIKA SE SITRUSPRODUSENTE BEFONDS HUL TOEKOMS DEUR MIDDEL VAN DIE HEFFING WAT DEUR DIE CGA GEADMINISTREER WORD**